## KABINETS MEMORANDUM

### NAVORSING OP GEBIED VAN KERNENERGIE EN UITRUIL VAN INLIGTING MET VRIENDSKAPLIKE VOLKERE : SLUITING VAN VRIENDSKAPSVERDRAE

Soos aan Ministers bekend het die Unie deur middel van die Raad op Atoomkrag 'n kontrak aangegaan met die Gesamentlike Ontwikkelings Agentskap, bestaande uit die Atoomkrag Kommissie van die Verenigde State van Amerika en die Atoomkrag Outoriteit van Groot Brittanje, om vir die volgende 10 jaar ± 5000 ton uraan-oksied per jaar te lewer, wat teen die huidige gemiddelde prys ± £40,000,000 aan buitelandse valuta vir Suid-Afrika beteken. Bo en behalwe die belasting op profyt wat die Skatkis jaarliks in, is daar ook 'n direkte inkomste vir die Staat van ± £250,000 per jaar van verkopings van uraan-oksied. Sonder om verder in te gaan op die ander voordele wat die land uit hierdie nywerheid trek, sal dit besef word dat dit voorwaar 'n belangrikke nywerheid is.

Vir die inligting van Ministers word die volgende inligting verstrek:-

BETALINGS EN ONTVANGSTE IN URAAN.

| Finansiële Jaar | Betaal aan Myne | Betaal aan Skatkis | Totaal |
|---|---|---|---|
| 1952/53 | 327,897- 9-6 | 2,889-10- 6 | 330,787- 0- 0. |
| 1953/54 | 4,858,473- 3-9 | 34,571- 6-0 | 4,893,044- 9- 9. |
| 1954/55 | 15,114,538- 0-6 | 97,555-17-3 | 15,212,093-17- 9. |
| 1955/56 | 31,051,685-11-4 | 184,784- 4-0 | 31,236,469-15- 4. |
| | £51,352,594- 5-1 | £319,800-17-9 | £51,672-395- 2-10. |

Tot nog toe het Suid-Afrika hom feitlik uitsluitlik bepaal tot die produksie en bemarking van uraan-oksied, en omdat hy een van die grootste produseerders is het die Unie 'n aansienlike status verwerp op Internasionale gebied. Met produksie alleen sal Suid-Afrika egter nie sy posisie kan bly handhaaf nie.

Sedert President Eisenhower se geskiedkundige verklaring van "Atoms for Peace" en die Geneefse Konferensie is die hele mensdom se verbeelding gemaak oor die Vredesgebruike van atoomkrag. Hoewel die Amerikaanse, die Engelse en die Russe

...ander lande ver vooruit is op die gebied van navorsing, ...ke land van betekenis reeds besig om groot somme geld op ...eie navorsing te spandeer, dit ten spyte van die gevaar dat ...avorsingswerk gedupliseer mag word en miskien binne n kort tydperk verouderd mag wees. Selfs n klein volkie soos Noorwee is besig met sy eie Kernenergie Navorsingsprogram. Dit is duidelik dat Suid-Afrika nie op hierdie gebied kan agterbly nie.

Volgens n verslag wat uitgebring is deur een van die lede van die Raad op Atoomkrag wat onlangs die V.S.A. besoek het, het die V.S.A. reeds vriendskapsverdrae vir samewerking met 27 lande aangegaan. Die Voorsitter van die Amerikaanse Atoomkrag Kommissie het sy teleurstelling teenoor ons Ambassadeur in Washington uitgespreek dat daar nog nie n dergelike ooreenkoms met Suid-Afrika aangegaan is nie. Die Amerikaners is gretig om Suid-Afrika te help, maar kragtens hulle Wet op Atoomkrag, mag hulle nie soveel soos 1 milligram uraan 235 aan Suid-Afrika verskaf nie tensy daar n ooreenkoms tussen die V.S.A. en die Unie bestaan. Verder beskou die Amerikaners die sluiting van so n ooreenkoms as die eerste stap tot verdere samewerking op die gebied van kernenergie, en selfs moontlike geldelike hulp vir die oprigting van n Kernreaktor in Suid-Afrika. Ons verteenwoordigers is mee gedeel dat die V.S.A. bereid is om die helfte tot n maksimum van $350,000 by te dra tot die eerste eksperimentele reaktor wat in Suid-Afrika opgerig mag word. Daar is geen voorwaardes aan hierdie aanbod verbonde nie. Die geskenk van $350,000 kan, as dit aanvaar word, gebruik word op enige wyse wat die Raad op Atoomkrag mag besluit, selfs vir die oprigting van n gebou by n reaktor wat op n ander wyse verkry is.

Die Raad op Atoomkrag het reeds n konsep ooreenkoms opgestel wat eersdaags aan Ministers voorgelê sal word en dit word sterk aanbeveel dat so n ooreenkoms met die Verenigde State van Amerika aangegaan word.

Wat n reaktor betref, het die Raad op Atoomkrag n Navorsingsadvieskomitee onder die Voorsitterskap van Dr. H.J. van Eck aangestel wat tans besig is om n Navorsingsprogram vir die Raad op Atoomkrag op te stel. Tot tyd en wyl die program opgestel is kan daar natuurlik nie n aanduiding gegee word of die gulle aanbod van die V.S.A. nou reeds aanvaar moet word nie.

Die Regering van Groot Brittanje en die Atoomkrag Outoriteit van Engeland het al op verskeie geleenthede te kenne gegee dat hulle bereid is om aan Suid-Afrika vertroulike inligting te gee i.v.m. die vredes gebruike van Kernkrag asook die vervaardiging van swaarwater. Die Engelse staan egter daarop dat Suid-Afrika ꞌn defenitiewe navorsingsprogram moet aanpak, waarna hulle bereid sal wees om alle beskikbare inligting wat betrekking het op die voorgestelde program beskikbaar te stel. Hierdie aanbod is ook onderhewig aan die voorwaarde dat Suid-Afrika ꞌn vriendskaps verdrag tot samewerking vir die vredes gebruike van Kernenergie met Engeland moet aangaan. Ook hier meen die Raad op Atoomkrag dat daar sonder versuim ꞌn ooreenkoms aangegaan moet word, want ons studente wat tans in Engeland studeer kry nie dieselfde toegang tot inligting nie, as wat studente kry wat van lande kom met wie daar reeds ꞌn ooreenkoms gesluit is. Dit is noodsaaklik dat alle beskikbare inligting ingewin word sodat daar nie op probleme gewerk word waarop daar reeds antwoorde of oplossings verkry is deur Amerika en Engeland. Die Raad op Atoomkrag het reeds ꞌn konsep ooreenkoms opgestel wat eersdaags aan Ministers voorgelê sal word vir oorweging.

Die Nederlandse Regering het ook informeel navraag gedoen of die Unie nie sou belangstel in samewerking met Nederland i.v.m. die vredesgebruike van Atoomkrag nie. Hoewel Nederland nie ꞌn produseerder van Uraan is nie, het hy reeds ꞌn groot navorsingsprogram i.v.m. kernkrag aan die gang. Die Nederlanders het b.v. al heelwat navorsing gedoen op die gebied van die verwekking van atoomkrag deur ꞌn suspensie van uraan-oksied in swaarwater. Ook hier beveel die Raad op Atoomkrag aan dat die Regering ꞌn ooreenkoms aangaan vir samewerking.

Hierdie Memo word slegs vir die inligting van Ministers gesirkuleer. Konsep ooreenkomste sal later aan die Kabinet voorgelê word.

-O-